# Nelson Mandela Baai Onderwys

# Graad 7: Afrikaans Eerste Addisionele Taal

# Junie 2025

Punte: 60

Tyd: 15 minute lees

1 ½ uur skryf

Naam en Van:

______________________________________________________________________

Skool Naam:

______________________________________________________________________

Hierdie vraestel bestaan uit 12 blaaie en die volgende afdelings:

| AFDELINGS | BL. NO. | PUNTE | TYD |
|---|---|---|---|
| **LEES VAN VRAESTEL** | | | **15 MIN** |
| AFDELING A: | | | |
| **Vraag 1:** LEESBEGRIP | 1 – 4 | _____ / 20 | 45 MIN |
| **Vraag 2:** VISUELE TEKS | 5 – 6 | _____ / 10 | |
| AFDELING B: | | | |
| **Vraag 3:** OPSOMMING | 7 – 9 | _____ / 5 | 45 MIN |
| **Vraag 4:** TAALSTRUKTURE EN KONVENSIES | 10 – 12 | _____ / 15 | |
| TOTAAL: | | _____ / 60 | |

---

**INSTRUKSIES:**

1. Lees die vrae noukeurig deur.
2. Beantwoord alle vrae op die vraestel.
3. Let op na die puntetoekenning.
4. Skryf netjies en leesbaar.

VRAAG 1: LEESBEGRIP

**Lees die volgende storie en beantwoord die vrae wat daarna volg:**

**Gierige Midas**

Op ‘n dag het Koning Midas, die Koning van Frigië in Klein-Asië, in sy prag tuin rondgestap en op ‘n ou man afgekom wat in die tuin gelê en slaap het. Midas het Silenus dadelik herken en hom goedgunstig behandel. Hy het Silenus vir 10 dae lank in sy huis onthaal. Op die 11de dag het Midas vir Silenus terug geneem na sy seun Dionus, die god van wyn. Dionus het vir Midas die geleentheid gebied om enige iets te versoek. Midas het gewens dat alles waaraan hy vat, in goud moes verander.

Midas was baie in sy skik met sy nuwe krag en het dit dadelik op die proef gestel. Hy het aan ‘n klip gevat en dit het in goud verander. Midas was baie in sy skik en het sy diensknegte beveel om ‘n feesmaal voor te berei. Sy kos en drank het in goud verander. Midas vat aan sy dogter en daar verander sy in ‘n goue standbeeld. Midas het besef hy het die verkeerde wens gemaak.

Midas het na Dionus gehaas en hom gesmeek om die gawe weg te vat sodat hy nie van die honger sal sterf nie. Dionus het hom beveel om in die rivier te gaan swem. Midas het in die rivier gespring en die rivier bank het in goud verander. Midas se wens het van hierdie dag af verdwyn.



**WOORDBLOK**

| | |
|---|---|
| versoek | *request* |
| geleentheid | opportunity |
| diensknegte | servants |
| standbeeld | *statue* |
| wens | *wish* |

**1. Beantwoord die volgende vrae:**

1.1. As jy na die titel van die storie kyk, watter tipe mens dink jy was Midas?

____________________________________________________________ (1)

1.2 Wat is die ruimte van die storie? Omkring slegs die korrekte antwoord.

a. Dubai b. Suid-Afrika c. Klein-Asië d. Europa (1)

1.3 Wie was in Midas se tuin?

____________________________________________________________ (1)

1.4 Voltooi die volgende sin:

*Dionus is die god van __________.* (1)

1.5 Waarvoor het Midas gewens?

____________________________________________________________ (1)

1.6 Hoe weet ons dat Midas baie spyt was oor sy wens?

____________________________________________________________ (1)

1.7 Hoe het Midas ontslae van sy wens geraak?

____________________________________________________________ (1)

1.8 Wat dink jy beteken die woord ‘goedgunstig’?

____________________________________________________________ (1)

1.9 Verduidelik die volgende stelling:

*Gierige Midas is ‘n mite.*

____________________________________________________________ (1)

1.10 As jy een wens in die lewe kon kry, wat sou dit wees?


____________________________________________________________ (1)

**1.2. Lees die gedig en beantwoord die vrae.**

**RITTELTITS**

*(met dank aan Carike Fourie)*

Ek is nie bang vir spoke nie.
Weerwolwe bestaan nie.
’n Bloeddrorstige vampier
het my nog nooit kom pla nie.
Vir monsters onder my bed
is ek gewis nie bang nie.
’n Strompelende zombie
sal my tog nooit kan vang nie.
Maar daar bestaan wél iets
wat my die ritteltits laat kry;
’n vreemde soort monster
wat lyk **NES** ek en jy.
’n Wreedaardige skepsel
wat my laat gil en skree,
met skokkende gewoontes
wat my hoendervleis kan gee.
Dié skrikwekkende gedrog
wat my so laat ril van vrees,
is iemand wat heel dikwels
graag **HOPE** boeke lees.
Maar ’n boekmerk gebruik
om hul plek daarin te hou?
O nee, hulle sal gewetenloos
die bladsye omvou!





**© JACO JACOBS**

**Beantwoord die volgende vrae:**

1.2.1 Lees die titel van die gedig. Wat dink jy beteken daardie woord?

____________________________________________________________ (1)

1.2.2 Gee die naam en van, van die digter.

____________________________________________________________ (1)

1.2.3 Kyk na die prent van die gedig, waaroor dink jy gaan die gedig?

____________________________________________________________ (1)

1.2.4 Voltooi die sin:

Die gedig bestaan uit ________ versreëls. (1)

1.2.5 Noem enige van die denkbeeldige monsters in die gedig.

________________________________________________________________________ (1)

1.2.6 Vir watter tipe monster is die digter bang?

________________________________________________________________________ (1)

1.2.7 Beskryf hoe die monster, waarvoor die digter bang is, lyk.

________________________________________________________________________ (1)

1.2.8 Hoe laat die monster in die gedig die digter optree?

________________________________________________________________________ (1)

1.2.9 Wat sal jy sê wil die digter vir mense leer met hierdie gedig?

________________________________________________________________________ (1)

1.2.10 Watter van die monsters in die gedig is jy die bangste voor? Verduidelik jou Antwoord.


________________________________________________________________________ (1)

VRAAG 1 TOTAAL: 20 PUNTE

**Punt verwerf: ___________ / 20**

VRAAG 2: VISUELE TEKS 10 PUNTE

**Kyk na die volgende boekomslag en beantwoord die vrae wat daarna volg:**




2.1 Wat is die naam van die boek wat hier gewys word?

______________________________________________________________ (1)

2.2 Wie is die skrywer van die boek?

______________________________________________________________ (1)

2.3 Wat dink jy beteken die 6-in-1?

______________________________________________________________ (1)


2.4 As jy na die prent (boekomslag) van die boek kyk, waaroor sal jy sê gaan dit?

______________________________________________________________ (1)

2.5 Verduidelik hoekom jy hierdie boek graag sal wil lees.

______________________________________________________________ (1)

**2.2 Bestudeer die grafiek en beantwoord die vrae wat volg:**




2.2.1 Waaroor gaan hierdie grafiek?

______________________________________________________________________ (1)

2.2.2 Hoeveel kinders het altesaam aan die studie deelgeneem?

______________________________________________________________________ (1)

2.2.3 Watter genre was die mees gewildste onder die kinders?

______________________________________________________________________ (1)

2.2.4 Watter genre was die minste gewild?

______________________________________________________________________ (1)

4.5 Wat is jou gunsteling genre om te lees?

______________________________________________________________________ (1)

VRAAG 2 TOTAAL: 10 PUNTE

**Punt verwerf: __________ / 10**

VRAAG 3: OPSOMMING 10 PUNTE

Lees die onderstaande stuk oor die belangrikheid van lees.

- Som die leesstuk in **7 SINNE** op.
- Gebruik jou **eie** woorde.
- Gebruik slegs **<u>70-80 woorde</u>**.
- Jy moet eers 'n beplanning in POTLOOD doen en dan jou finale weergawe met pen skryf.
- Skryf jou aantal woorde aan die einde van jou opsomming neer.

**Die belangrikheid van lees**

Dit verhoog woordeskat en taalvaardighede. Deur te lees kom kinders in aanraking met 'n wye verskeidenheid woorde en sinskonstruksies, wat hul vermoë om effektief te kommunikeer versterk en hul taalgebruik verbeter. Dit verbeter konsentrasie en fokus. Lees vereis volgehoue aandag, wat kinders help om hul konsentrasievermoë te ontwikkel – 'n vaardigheid wat ook in ander leeraktiwiteite nuttig is.

Lees bevorder verbeelding en kreatiwiteit. Wanneer kinders lees, word hulle in verskillende wêrelde en scenario's ingeneem. Dit prikkel hul verbeelding en help hulle om kreatiewe oplossings vir probleme te vind. Leerders wat lees ontwikkel kritiese denke. Deur karakters se besluite en gebeure in stories te analiseer, leer kinders hoe om logies te dink, vrae te vra en hul eie menings te vorm.

Dit bou empatie en sosiale insig. Wanneer kinders lees oor mense van verskillende agtergronde en lewenstyle help dit hulle om ander se gevoelens en ervarings beter te verstaan en omgee te ontwikkel. Dit ondersteun akademiese sukses. Leesvaardigheid is die sleutel tot sukses in byna elke skoolvak, van Wetenskap tot Geskiedenis. Dit maak leer makliker en meer effektief. Dit bevorder ontspanning en verminder stres. Lees kan 'n veilige weg wees van die werklikheid en 'n manier om tot rus te kom, wat kinders help om emosioneel gesond en gebalanseerd te bly.

## BEPLANNING

| **Belangrike besonderhede** *(vanuit informasie teks)* | **Bou sinne:** ***Taalgebruik*** *(gebruik eie woorde)* | **Totale woorde** |
|---|---|---|
| ....................................<br>.................................... | ..........................................................................................<br>..........................................................................................<br>.......................................................................................... | . |
| ....................................<br>.................................... | ..........................................................................................<br>..........................................................................................<br>.......................................................................................... | |
| ....................................<br>.................................... | ..........................................................................................<br>..........................................................................................<br>.......................................................................................... | |
| ....................................<br>.................................... | ..........................................................................................<br>..........................................................................................<br>.......................................................................................... | |
| ....................................<br>.................................... | ..........................................................................................<br>..........................................................................................<br>.......................................................................................... | |
| ....................................<br>.................................... | ..........................................................................................<br>..........................................................................................<br>.......................................................................................... | |
| ....................................<br>.................................... | ..........................................................................................<br>..........................................................................................<br>.......................................................................................... | |
| | ***Let wel: Die totale woorde moet 70-80 woorde wees.*** | .............. |

**FINAAL**

Aantal woorde: ________________

| Rubriek vir opsomming | Puntetoekenning | | |
|---|---|---|---|
| **7 Korrekte feite, duidelik uitgesit.** | **/ 7** | | |
| | **3** | **2** | **1** |
| **Taal** | 6-7 Korrek | 4-5 Korrek | 1-3 Korrek |
| **Totaal:** | **/ 10** | | |

VRAAG 3 TOTAAL: 10 PUNTE

**Punt verwerf: _________ / 10**

VRAAG 4: TAALSTRUKTURE & KONVENSIES 15 PUNTE

**Bestudeer die spotprent en beantwoord die volgende vrae.**




4.1 Identifiseer en benoem die **leesteken *(punctuation)*** in spreuk beurt 2.

______________________________________________________________________ (1)

4.2 Die letterlike betekenis van die spotprent is dat die boeke van die rakke op die grond val. Verduidelik die **figuurlike betekenis *(figurative meaning)*** van die spotprent.

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________ (1)

4.3 Skryf die sin in raampie 2 in **ontkennende vorm**.

Bv. Die dogter het haar huiswerk voltooi. – Die dogter het **nie** haar huiswerk voltooi **nie**.

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________ (1)

4.4 Lees die volgende sin en omkring die **gesegde**.

Bv. Thando speel krieket by die skool.

*Die boeke vlieg van die rakke af.* (1)

4.5 Skryf die volgende sin in die **direkte rede** oor.

Bv. Vineshree het gesê dat sy netbal speel. – Vineshree het gesê: "Ek speel netbal."

Pieter het gevra hoe die boek verkope gaan.

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________ (1)

4.6 ‘n Voorbeeld van verkleiningsvorm is: kat – katjie.

Gee die **verkleiningsvorm** van die woord ‘*biblioteekboek*’. ________________________ (1)

4.7 Gee die **korrekte vorm** van die woord in hakies.

Voorbeeld: Die bruin hond spring die (hoog) HOOGSTE van al die honde.

*Die seun is die (bang)* ______________________________ *vir die Afrikaanse Meneer*. (1)

4.8 Gee die **intensiewe vorm** vir die onderstreepte woord.

Bv. oud – stokoud

*Die boeke op die rak is nuut.* ___________________________________ (1)

4.9 Omkring die **lidwoord** in die volgende sin.

*Die kind skryf in sy nuwe boek.* (1)

4.10 Skryf ‘n korrekte **persoonlike voornaamwoord (*personal pronoun*)** vir die woord in hakies neer.

*Marie skryf in (Marie se)* ____________ *boek.* (1)

4.11 Skryf die sin in **meervoudsvorm.**

Bv. Ryno skryf met sy potlood. – Ryno skryf met sy potlode.

*Die kind lees ‘n interessante boek.*

___________________________________________________________________________ (1)

4.12 Verander die volgende sin na die **toekomende tyd**.

Bv. Thandi sing in die koor. – Thandi sal in die koor sing.

*Juffrou Schoeman lees vir ons ‘n bangmaakstorie.*

___________________________________________________________________________ (1)

4.13 Onderstreep die korrekte **byvoeglike naamwoord *(adjective)*** in die sin.

*Die Noord-Einde biblioteek is ons (gunsteling / beste) plek om boeke te kry.* (1)

4.14 Vul ‘n gepaste **voorsetsel** in.

Bv. Die aap sit in die boom.

*Die boek lê* ______ *die tafel.* (1)

4.15 Gee ‘n **sinoniem** vir die onderstreepte woord.

Bv. mooi – pragtig

*Ons is baie bly as ons tyd in die klas kry om te lees.*

______________________________________________________________________ (1)

4.16 Identifiseer die onderstreepte **bywoord (*adverb*)** in die sin:

*Sara lees elke Woensdag 'n boek in die biblioteek.*

______________________________________________________________________ (1)

4.17 Gee die **antoniem** van die vetgedrukte word.

Bv. oud – jonk

*Die boek is baie **vervelig.***

______________________________________________________________________ (1)

4.18 Wat is die **funksie (*function*)** van die **komma (*comma*)** in die volgende sin?

*Marie moet winkel toe gaan om boeke, penne en gom stafies te gaan koop.*

______________________________________________________________________ (1)

4.19 Gebruik die **voegwoord (conjunction)** in hakies om die twee enkelvoudige sinne in 'n saamgestelde sin te verander.

*Johan hou van lees. Hy word blootgestel aan nuwe wêrelde. (want)*

______________________________________________________________________ (1)

4.20 Verduidelik wat jy dink die volgende **idiomatiese uitdrukking (idiom)** beteken.

*Kobus het besluit om hierdie kwartaal 'n nuwe blaadjie om te slaan en hard te werk in Wiskunde.*

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________ (1)

**Punt verwerf: __________ / 20**

VRAAG 4 TOTAAL: 20 PUNTE

VRAESTEL TOTAAL: 60 PUNTE